# DIE SKIETLOOD

190ste Uitgawe 21 Mei 2021 saam met Koersvas 190

Ons onderbreek die huidige reeks oor die Dordtse leerreëls om na aanleiding van navrae 'n skrywe te plaas oor om te begrawe of om te veras.

## Begrawe of veras? **Dr Johan Otto**

Te midde van die ouer-wordende bevolking onder ons eie mense, woed die debat oor die regte hantering van die oorskot van 'n geliefde. Die wense rakende begrawe of veras word in gesprekke gedebatteer en meegedeel, word in testamente verwoord. Vir baie mense en teoloë is die antwoord simplisties. Die werklikheid is egter baie meer kompleks en vereis meer argumente as 'n verklaring *ex cathedra*.

<u>Vooraf vrae</u>

God se genade - Die eerste saak wat in die gesprek genoem moet word, is die aard van God se genade. <u>Hoe groot is God se genade?</u> So groot dat elkeen wat glo, gered sal word, kyk maar net na tekste soos Romeine 10:9-13 "*As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word. Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered. Die Skrif sê tog: “Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie.” “Niemand nie!” Dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik, want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word*."

God se genade is so groot dat nie eens jou laaste daad op aarde jou saligheid bepaal nie. God se genade is so groot dat nie eens die laaste daad wat na afsterwe aan jou gedoen word, jou saligheid bepaal nie.

Die tweede vraag is na God die Skepper in Sy almag. Waar is die grense van God se Almag? Daar is geen grense aan God se almag nie! Hy wat gesê het en dit was so, is steeds die Almagtige. God kan en gaan elke een van Sy uitverkorenes op die laaste dag opwek. Nie een sal vergete wees nie. Dit maak nie saak of daardie persoon deur wilde perde uitmekaar geskeur is nie, of daardie persoon deur haaie en visse geëet is nie, of daardie persoon se lyk tot stof ontbind het nie, of die lyk goed gepreserveer is met chemikalieë nie. Die lys van "maak nie saak nie" is so lank soos die verskillende maniere waarop die afgestorwenes se oorskotte in die skepping opgeneem word. By die laaste dag sal God elke een weer tot lewe roep.

<u>Die Bybel</u>

Dit moet van meet af aan gestel word dat die Bybel geen duidelike, onomwonde antwoord gee op die vraag ter tafel nie. Ons kan tog na die Bybel kyk en uit tekste en die geskiedenis antwoorde probeer vind. Tekste kan egter nie lukraak as vir of teen verassing gebruik word nie - kapstokpreke oortuig nie mense nie. In die oorweging van die saak moet ons sover moontlik ag slaan die direkte verwysings. Die tekste wat nou ter sprake kom is tekste wat gebruik word as argumente teen werassing:

Genesis 3:19 "... *Stof is jy, en jy sal weer stof word."* Dit is uit hierdie woorde wat die begrafnisformule kom. Sommige weergawes stel dan "stof tot stof, en as tot as. Selfs sonder die tweede frase, kan hierdie teks opsigself nie gesien word as keuse vir begrawe nie.

Die volgende paar voorbeelde Levitikus 20:14 *"Iemand wat met 'n ma en haar dogter trou, begaan 'n afskuwelike sonde. Hulle moet al drie 'n vuurdood sterf. Julle mag sulke afskuwelike sondes nie duld nie*." Die klem in hierdie gedeelte is op die straf en die aard van die straf. Daar word nie uitgewy oor die hantering van die oorskot nie, maar oor die vorm wat die straf moet aanneem. Dit is 'n onregverdige hantering van hierdie teksgedeelte om dan die afleiding te maak dat verassing hier ter sprake is juis omdat die persoon wat verbrand word, 'n vuurdood sterf..

Lev. 21:9. "*As 'n priester se dogter haar ontwy deur te hoereer, ontwy sy ook haar pa. Sy moet verbrand word*." Net soos met die vorige vers, word hier 'n straf vir 'n lewende persoon gegee; hoe moet sy gestraf word? Sy moet doodgebrand word.

Josua 7:15 "*Die man wat gevang word met die gewyde goed, moet verbrand word, hy en al sy mense, want hy het die verbond van die Here verbreek en 'n roekelose sonde in Israel begaan.”* Die agtergrond tot hierdie gebeurtenis is die opdrag van die Here om die stede wat ingeneem word, totaal te vernietig, af te brand tot op die grond met alles en almal wat daarin is. Iemand het dit nie gedoen nie. Die straf wat nou uitgedeel moet word, is dat daardie persoon, sy gesin en hulle besittings met dieselfde banvloek getref moet word; hulle moet totaal vernietig en verwyder word.

Josua 7:24-26 "*vat Josua en die hele Israel saam met hom vir Akan seun van Serag en bring hom na die Akorlaagte toe, en ook die silwer, die klere en die staaf goud, Akan se seuns en dogters, sy beeste, sy donkies, sy kleinvee, sy tent, alles wat aan hom behoort. Josua het gesê: “Jy het die dood oor óns gebring, vandag bring die Here die dood oor jóú!” Die hele Israel het toe vir Akan met klippe doodgegooi en hom en sy mense en sy besittings verbrand en met klippe toegegooi. Hulle het 'n groot hoop klippe bo-oor gepak. Dit is vandag nog daar. Daarna het die Here se toorn bedaar. Hulle noem die plek tot vandag toe die Akorlaagte*." Die agtergrond tot hierdie gebeurtenis is die opdrag van die Here om die stede wat ingeneem word, totaal te vernietig, af te brand tot op die grond met alles en almal wat daarin is. Akan was die skuldige en hy, sy gesin en al hulle besittings moet nou met die banvloek getref word. Die volk stenig Akan en verbrand dan sy lyk, sy gesin (oënskynlik lewendig), en al hulle besittings. Hierdie teksgedeelte kan gevolglik ook nie gebruik word in die debat oor verassing nie. Die konteks is nie verassing nie, maar die banvloek wat val op diegene wat nie selfs die banvloek toegepas het soos God beveel het nie.

1 Samuel 31:11-13 "*Toe die mense van Jabes in Gilead hoor wat die Filistyne met Saul gedoen het, het al die weerbare manne klaargemaak en hulle het die hele nag deur getrek en die lyk van Saul en dié van sy seuns van die muur van Bet-San afgehaal. Hulle het dit na Jabes toe gebring en daar verbrand. Hulle het toe die bene gevat en onder die tamarisk in Jabes begrawe en daarna het hulle sewe dae lank gevas*." Na die skending van die lyke van Saul en sy

seuns, het die Israeliete besluit om op te tree. Hulle het waarskynlik geoordeel dat dit beter, meer rein en meer eerbaar is om die verminkte en ontbindende lyke te verbrand en dan die beendere elders te begrawe. Al kan ons nie die teks ten volle op ons eie situasie toepas nie, is dit duidelik dat die respekvolle hantering van die oorskot belangrik is en dat die situasie tog ook kan inspeel op besluite.
2 Konings 23:15-20 "*Selfs die altaar in Bet-El, die hoogte wat deur Jerobeam seun van Nebat ingerig is toe hy vir Israel laat sondig het, selfs dié altaar en dié hoogte is deur Josia laat afbreek. Hy het die hoogte laat afbrand en fynslaan en die Asjera laat verbrand. Toe hy omdraai, sien Josia die grafte daar teen die berg. Hy het die bene uit die grafte laat uithaal en hulle op die altaar laat verbrand. So het hy die altaar laat ontwy in ooreenstemming met die woord van die Here wat destyds deur die man van God aangekondig is. Daarna sê Josia: "Watter grafsteen sien ek daar?" en die mense van die stad sê vir hom: "Dit is die graf van die man van God wat uit Juda gekom en voorspel het presies wat u met die altaar van Bet-El gedoen het." Toe sê hy: "Laat hom rus, moenie sy bene versteur nie." Hulle het toe sy bene en die bene van die profeet wat uit Samaria gekom het, met rus gelaat. Josia het verder al die heiligdomme wat deur die konings van Israel op die hoogtes by die stede van Samaria gebou is om die Here uit te tart, laat opruim. Hy het met hulle gemaak soos hy in Bet-El gedoen het. Al die priesters wat daar op die hoogtes diens gedoen het, het hy op die altare laat slag en mensbene op die altare laat verbrand. Daarna is hy terug Jerusalem toe.* Asjera verwys na die afgodsbeeld. Die beendere van die priesters van afgode word verbrand, die beendere van die profeet word met rus gelaat. Die beendere word op die altare verbrand, nie as straf nie, maar om die "heilige plekke" te ontwy. Die heilige plekke kan nie meer heilig wees indien daar beendere van mense op die altare gebrand het nie, met ander woorde die brand van die beendere het die altare en "heilige plekke" onbruikbaar gemaak vir die mense wat afgode aanbid het. Ons sien hier dat die disrespekvolle hantering van beendere moontlik is. Hierdie teks kan nie gebruik word om verassing weg te wys nie, dit is nie ter sprake in die geskiedenis wat hier vertel word nie. Dit gaan oor die ontwyding van plekke van afgodsdiens.
Prediker 12:7 "*die tyd wanneer die stof na die aarde toe terugkeer soos dit was, en die gees na God terugkeer wat dit gegee het."* Hierdie teks stel dit duidelik dat die mens weer in die skepping opgeneem word. Die oksidasie-proses vind net nie altyd oral ewe vinnig plaas nie.
Amos 2:1 "*So sê die Here: Selfs as Moab net drie keer sonde gedoen het, sou Ek sy straf nie herroep het nie. Maar nou het hy 'n vierde sonde daarby gevoeg: hy het die bene van Edom se koning tot kalk verbrand. Daarom sal Ek in Moab 'n vuur laat losbreek en dit sal die mooi huise van Kerijot verteer. Moab sal omkom onder oorlogsrumoer, onder die blaas van die ramshoring.*" God se oordeel word hier oor die koning van Moab uitgespreek. Dit is nie duidelik uit die teks of die geskiedenis wat presies gebeur het nie. Dit kan wees dat Moab 'n koninklike graf geskend het en sonder respek opgetree het teenoor die oorskot van 'n afgestorwene. Dit kan wees dat Moab 'n Edomitiese koning gevange geneem het en hom tereggestel het deur hom tot kalk te verbrand, 'n straf wat net vir veragtelike kriminele bedoel was. Dit

sal gevaarlik wees om hierdie teksgedeelte net so op verassing toe te pas.

Johannes 5:28-29 "*Moenie hieroor verbaas wees nie: daar kom 'n tyd wanneer almal wat in die grafte is, sy stem sal hoor en sal uitgaan. Dié wat goed gedoen het, sal opstaan en lewe, en dié wat verkeerd gedoen het, sal opstaan en veroordeel word*." Sonder enige verdere inligting kan ons net die versekering van die finale oordeel en die opstanding tot die ewige lewe hieruit aflei. Die aard van die graf word nie verder omskryf nie.

1 Korintiërs 15:42-43 "*So is dit ook met die opstanding van die dooies: wat gesaai word, is verganklik en word in onverganklikheid opgewek; wat gesaai word, is gering en word in heerlikheid opgewek; wat gesaai word, is swak en word in krag opgewek,*" Die vraag in hierdie gedeelte is na die betekenisveld van die metafoor ter sprake. Moet ons letterlik die saad (liggaam) saai om dan by die wederkoms in heerlikheid op te staan? Dit is 'n misplaasde interpretasie wat van letterlik na figuurlik spring sonder ondersteuning van die teks, wat uit hierdie teksgedeelte wil aflei dat ons in die aarde geplant moet word soos saad. Wat van diegene wat in klipgrafte in grotte en die katakombes geplaas is; is hulle die saad wat op harde grond geval het?

1 Tessalonisense 4:13-17 "*Ons wil hê, broers, dat julle nie onkundig moet wees oor wat met die ontslapenes gaan gebeur nie. Dan sal julle ook nie treur nie, soos die ander mense wat geen hoop het nie. Ons glo immers dat Jesus gesterwe maar ook opgestaan het. Net so glo ons ook dat God saam met Jesus die ontslapenes wat in Hom geglo het, na Hom toe sal neem. Dit sê ons vir julle op grond van wat die Here gesê het: Ons wat bly lewe tot met die wederkoms van die Here, sal die ontslapenes hoegenaamd nie voor wees nie. Wanneer die bevel gegee word en die stem van die aartsengel en die trompet van God weerklink, sal die Here self uit die hemel neerdaal. Allereers sal dié wat in Christus gesterf het, uit die dood opstaan; daarna sal ons wat nog lewe, saam met hulle op die wolke weggevoer word, die lug in, die Here tegemoet. En so sal ons altyd by die Here wees*." Ook hierdie gedeelte wil die fisiese aard van die opstanding bevestig, met die klem op die opstanding, en nie die aard van die begrafnis nie.

Die Bybel verwys ongeveer 200 keer na begrafnisse, nie noodwendig begrawe nie. Uit al die tekste kan ons 'n respekvolle hantering van die oorskot raaklees. Vir lank was dit die gebruik om die oorskot in 'n grot of spelonk te plaas, sonder dat daar grond oorgegooi word. Daar is talle voorbeelde uit die Ou Testament; en Lasarus en Jesus self se begrafnis dien as voorbeelde daarvan. Ons moet "begrafnis" meer ruim verstaan as die hantering van die oorskot.

<u>Ander kulture, gelowe en denominasies</u>

Die mensdom het nog altyd 'n diversiteit van benaderings gehad ten opsigte van die oorskot van iemand. Daar was 'n verskeidenheid maniere om met lyke te werk, op grond van soms uiteenlopende redes. Sommige mense was bang vir lyke en wou so gou moontlik van hulle ontslae raak. Dit kom insluit die gooi van die lyk vir wilde diere, begrawe en verassing. Sommige mense is deur geloof en filosofie gemotiveer. Diegene wat 'n streng dualisme van liggaam en

siel gehandhaaf het, het die fisiese as van belang geag en gekies om die liggaam onbelangrik te ag en het hulle daarvolgens gehandel.
Die Babiloniërs, die Romeine en die Grieke het die lyke verbrand en die as in kruike geplaas. Uit argeologiese getuienis blyk dat Hebreërs in Palestina tydens Jesus se leeftyd ook soms hulle geliefdes veras het.
Godsdienstige oortuiging speel ook soms in op die keuse wat uitgeoefen word: Boeddhiste, Moslems, Hindoes en Christene het elk 'n eie verstaan.
Kan ons iets wys word deur na die moderne tendense te kyk. Nee, ons moet ons deur die Skrif laat lei. Kyk ons wel na die wêreld, sien ons onder ongelowiges en meerderheid Christenlande die volgende: In die Ooste verkies meer mense verassing as 'n manier om laaste eerbetoon te doen. Verassings vind plaas by meer as 70% van Koreane, amper 100 % van almal in Japan, 73 % in Engeland, 49 % in Sjina en 41% in die VS. Die Shinto geloof in Japan skryf twintig (20) stappe voor wat opeenvolgend-nougeset gevolg moet word by die afsterwe van 'n geliefde.
Die Grieks-Ortodokse kerk verbied verassing. Die beleid word streng toegepas. Tog word daar uitsonderings toegelaat daar waar die owerhede 'n ander beleid volg wat verassing verpligtend maak. Die kerk sien verassing as gewelddadige hantering van die oorskot.
Die Anglikane laat verassing toe, en verwag net dat die as respekvol te ruste gebring moet word.

<u>Wat by begrafnis gebeur</u>

Die oorskot word by die lykshuis versorg, aangetrek en reg gemaak vir besigtiging - indien die familie dit so verkies. Daar vind 'n troosdiens plaas. Die kis word in die gat in die grond geplaas en die ontbindingproses gaan voort totdat daar min tot niks van die oorskot oorbly.

<u>Wat by verassing gebeur</u>

Daar is baie wolhaarstories wat vertel word, soos dat baie mense saam veras word, dat jy nie weet wie se as jy kry nie en dies meer. Kom ons kry net die feite.
Verassing is die begrafnisproses waarmee die menslike liggaam deur middel van intense hitte opgebreek word na sy basiese elemente. Die meeste dele van die oorskot verdamp letterlik, met net 'n paar groter beendere wat oorbly. Dit is hierdie bene wat "as" genoerm word. Die bene word na die verassing tot fyn stof gemaal en dit is wat aan die gesin gegee word.
Dit is belangrik om dit duidelik maak dat daar streng wetgewing oor die saak bestaan. Die proses gekied naastenby soos volg:.
Die oorskot word by die lykshuis versog, aangetrek en reg gemaak vir besigtiging - indien die familie dit so verkies. Daar vind 'n troosdiens plaas. Die oorskot word in die kis, saam met 'n onvernietigbare plaatjie (met unieke nommer) in die hitte-eenheid (wat werk teen sowat 1000º Celsius) geplaas. Die intense hitte word toegepas. Die beendere wat oorbly, word saam met die plaatjie geneem na die masjien wat die beendere maal en dan word daardie plaatjie saam met die as geberg en aan die gesin gegee. Anders gestel; dit is net een persoon wat per keer veras word en dit is daardie persoon se as wat aan die treurende gesin gegee word.

Die gedenkmuur of sogenaamde "doodsakker" - prakties en veiligheid

Terwyl mense in gesoneerde areas begrawe word, is daar meer opsies beskikbaar ten opsigte van die hantering van die as. Dit kan begrawe word, in 'n gedenkmuur ingemessel word, die as kan oor die Bosveld of by gunsteling viswaters gestrooi word.

In terme van finansies is dit duidelik dat dit minder kos om iemand te laat veras. Dit kan nooit die bepalende wees in enige gesprek nie, en tog moet ons finansies in ag neem met alle besluite wat ons neem.

Die huidige stand van begraafplase moet ook in ag geneem word. Dit geld beide die onderhoud en die sekuriteit verbonde aan hierdie plekke. Gevaarlike, verwaarloosde begraafplase haal dikwels die nuus. Die tuine word nie versorg nie, die grafte word geskend en plakkers beskou dit as goedkoop behuising. Dit lei daartoe dat die sekuriteit by begraafplase dikwels in die nuus is. Ons moet gereeld hoor dat treurende naasbestaandes beroof, verkrag of selfs aangerand word.

Teen hierdie agtergrond ...

Ons bely elke Sondag in die kerk dat ons glo in die opstanding van die vlees. Ons glo dat God ons gaan herskep in 'n verheerlikte liggaam. Wat dit presies beteken, weet ons nie. Ons weet ook dat ons in die loop van tyd ten volle in die skepping opgeneem word. Wat ons geliefdes met ons oorskot doen, bepaal nie ons saligheid nie. Teen hierdie agtergrond kan ons dan versigtige tree waag in ons soeke na deernisvolle antwoorde wat na ons mening Skrifgetrou is en lidmate kan begelei.

Op soek na antwoorde: Die hantering van die oorskot.

Christene hanteer die oorskot met respek. Al is dit al wat agter gebly het van 'n geliefde, is die lyk die laaste tasbare herinnering aan die werklikheid van die persoon wat tot sterwe gekom het. Daardie selfde persoon is bestem vir die opstanding van die vlees in 'n verheerlikte liggaam en die ewige lewe.

Dit is duidelik dat 'n respekvolle hantering van die oorskot noodsaaklik is. Dit beteken nie dat die oorskot aanbid word nie, ook nie dat die dooie soos 'n lewende hanteer moet word nie. Dit is ons taak as treurende gelowiges om die oorskot van die afgestorwene met deernis en respek te hanteer, van begin tot einde. Menslik gesproke hanteer ons oorskot dieselfde, of dit nou die oorskot na vinnige oksidasie (voor en na afloop van verassing) of die afgestorwene se lyk en kis is.

Die hele proses is hier ter sprake. Die hantering van die oorskot na die afsterwe, die versorging van die lyk en die hantering van oorskot en kis voor die afhandelings-proses. Dit beteken dat alles respekvol gedoen word; dit sluit in die afsak van die kis, of die formele handeling met die as.

Begrawe en verassing blyk twee alternatiewe te wees teen die agtergrond van diep persoonlike besluite. Die wense van die naby familie en ander belanghebbendes is belangrik, omdat hulle met die gevolge van die keuse en met die herinneringe gaan moet saamleef.